## BELEID (2016) - KULTUURTOEKENNINGS

Deelname aan kultuuraktiwiteite is deel van Laerskool Westwood se ontwikkeling van leerders. Dit is daarom noodsaaklik dat die strukture en geleenthede geskep word waardeur leerders kompeterend kan deelneem. Geleenthede kan die leerder kwalifiseer vir die volgende toekennings binne skoolverband :

a. Sertifikaat van deelname
b. Sertifikaat van gelukwensing
c. Sertifikaat van verdienste
d. Sertifikaat van uitmuntende prestasie
e. Kultuurbalkie
f. Erekleure

Puntetoekenning

A+++ = 95% en hoër
A++ = 90% - 94,4%
A+ = 85% - 89,4%
A = 80%-84,4%
B+ = 75%-79,4%
B = 70%-74,4%
C = 0-69,4%

Leerlinge moet ten minste 50% van alle oefeninge en alle optredes, siekte met doktersertifikaat uitgesluit, teenwoordig wees om in aanmerking te kom vir enige van bogenoemde toekennings.

Slegs hoogste prestasie bereik gedurende die jaar word erken vir toekenning. Kunswedstryde moet deur die bestuur goedgekeur word vir erkenning. Vanaf sertifikaat van verdienste kan 3 toekennings akkumuleer tot ‘n hoër toekenning.

Erekleure word toegeken elke keer as dit behaal word, maar slegs een skoolwapen met die lourierkrans mag op die linker boonste sak aangebring word. Erekleure balkies se bewoording en omraming sal in goud gedoen word en die gewone balkie in geel. Elke lid van ‘n/die koor/spreekkoor/groepoptrede ontvang die toekenning waarvoor die koor/hulle in aanmerking kom.

KULTUURSEUN EN KULTUURDOGTER (Gr 4-7 leerlinge)

a. Slegs die hoogste toekenning sal aanvaar word.
b. Indien ‘n leerling slegs deur die Wessie dramaklas deelneem en nie onder die skool se naam ingeskryf word nie, kom sodanige leerling nie in aanmerking vir prestasie binne skoolverband nie maar wel net vir erkenning vir prestasies buite skoolverband.

c. Om te kwalifiseer moet ‘n leerling aan minstens drie van die vyf afdelings en Redevoering deelneem :

* Afrikaans
* Engels
* Kuns
* Musiek
* Spreekkoor
* Redevoering (Afrikaans of Engels of albei binne skoolverband)

Die volgende toekennings vir deelname buite skoolverband kan behaal word :

a. Sertifikaat van deelname buite skoolverband.( Ander sertifikate by skool ontvang)
b. Sertifikaat van gelukwensing vir deelname buite skoolverband. Deelname aan SA kampioenskappe (Definieer self)

- Sertifikate vir 3 agtereenvolgende jare behaal, akkumuleer tot ‘n sertifikaat van Prestasie : Buitemuurs (Naam van sport-kultuuraktiwiteit word bygevoeg.

c. Balkie buitemuurs : Drie jaar agtereenvolgende deelname aan SA
* Eerste plek op SA’s = Buitemuurse Balkie
* 3 Balkies = Westwood medalje

d. Westwood medalje : Internasionale kampioen,Wêreldkampioen ens.

1. REDENAARS

Die twee deelnemers, van Westwood wat per graadgroep aan die Westwood Prestige kompetisie deelneem sal bepaal word op interne redenaars n.a.v. die hoogste gemiddelde tydens die interne aande. Redevoering tydens kunswedstryd word op die persentasie behaal, beoordeel

- Simbole geld slegs vir Kunswedstryddeelname -

1.1. Sertifikaat van Deelname : C
Alle leerders wat aan ten minste, 1 by GSF en 1 by Intersen fase ( 1 Afr of 1 Eng), interne redenaarsaande deelgeneem het ontvang hierdie toekenning

1.2. Sertifikaat van Gelukwensing : B en B+
Leerders wat ten minste 2 keer deelgeneem het of die korrekte puntetelling soos bo uiteengesit behaal het

1.3. Sertifikaat van Verdienste : A
Leerder ontvang hierdie sertifikaat indien die leerder aan ten minste twee kompetisies deelgeneem het en, indien die leerder ten minste 1 interne graadkompetisie gewen het of die korrekte puntetelling soos bo uiteengesit behaal het

1.4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie : A+

Leerder ontvang hierdie toekenning indien hy / sy aan ten minste twee eksterne kompetisies (Westwood Prestige aand, Kunswedstryd, ens) deelgeneem het soos bv. ‘n redenaarskompetisie by Westwood waaraan ten minste 3 besoekende deelnemers in die spesifieke graadgroep deelneem of, die leerder moet wenner wees op ‘n eksterne redenaarsaand, of die leerder moet ‘n A+ op die Kunswedstryd kompetisie behaal, of deelneem aan erkende streekskompetisie by Dell’Arte Kunswedstrydvereniging of soos deur die Skoolbestuur goedgekeur.

1.5. Balkie : A++

Leerder ontvang ‘n balkie indien hy / sy aangewys word as Westwood se redenaar van die jaar of, indien die leerder ten minste 2 eksterne skool kompetisies in een jaar wen of, indien die leerder ‘n A++ behaal tydens die Kunswedstryd kompetisie en/of die itemwenner is.(gr. 4 ens, Dell’Arte Kunswedstrydvereniging of soos deur die Skoolbestuur goedgekeur Redenaar van die jaar net ‘n senior leerling.

1.6. Erekleure : Afdelings/Streeks/Kringwenner

Streeks-/kringwenner van erkende kompetisie bv. A.T.K.V./Gauteng Redenaarsvereniging

2. KORE (JUNIOR & SENIOR KORE ,WIKKELKOOR EN REVUE)

Om vir enige toekenning vir kore buite die skool (hoër) te kwalifiseer moet die leerling in L/S Westwood se koor/Wikkelkoor sing en moet sodanige leerling vir 1 jaar of meer in die hoër koor sing

Sertifikaat van Deelname : C, B en B+

Westwood Pops deelname kwalifiseer ook vir die toekenning Leerlinge moet ten minste 50% van alle oefeninge en alle optredes, siekte met doktersertifikaat uitgesluit, teenwoordig wees om in aanmerking te kom vir enige van bogenoemde toekennings.

Sertifikaat van Gelukwensing : A

Leerders ontvang hierdie sertifikaat indien die leerder as deel van die koor ten minste ‘n A tydens die Kunswedstryd kompetisie behaal of drie jaar en meer agtereenvolgens aan die Wikkelkoor deelgeneem het.

Sertifikaat van Verdienste : A+

Leerders ontvang hierdie sertifikaat indien die leerder as deel van die koor ten minste ‘n A+ tydens die Kunswedstryd kompetisie behaal

Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie : A++

Koor moet ‘n A++ op die kunswedstryd kompetisie behaal of, ‘n afdelingswenner wees op die kunswedstryd kompetisie of ‘n ander erkende kompetisie met die verstande dat daar ten minste 5 kore of meer in die item/afdeling deelgeneem het.

Balkie A+++
Itemwenner van ‘n erkende kompetisie of, indien ‘n koor A+++ behaal en of ‘n itemwenner is tydens die kunswedstryd kompetisie, met die verstande dat daar ten minste 3 kore of meer in die item/afdeling deelgeneem het, of wanneer ‘n leerling lid is van die Oos Randse Kinderkoor of ander streekskore.

Erekleure : Afdelings/Streeks/Kringwenner
Streeks-/ Afdelings-/Kringwenner van erkende kompetisie bv. A.T.K.V. / Dell’ Arte of Kempton Park kunswedstryd Vereniging is met die verstande dat daar ten minste 3 kore of meer in die item/afdeling deelgeneem het.

3. KUNSWEDSTRYDKOMPETISIE

(Spraak, sang, revue,spreekkore – individue en groepsafrigting maar redenaars uitgesluit)

Slegs Dell’Arte se uitslae word in ag geneem. Die beste ses items vir die jaar word in aanmerking geneem vir evaluering
vir toekenning as Kultuurleerling van die jaar. Die ses items moet deur die skool ingeskryf wees.

‘n Leerling moet ten
minste aan drie afdelings deelneem en ten minste ‘n A gemiddeld behaal om in aanmerking te kom vir ‘n balkie of ‘n hoër toekenning Afdelings is :
Afrikaans
Engels
Kuns
Musiek
Spreekkoor ( Slegs Gr 1-3)

Indien ‘n leerling nie aan al drie afdelings deelgeneem het nie en die punte blyk hoog genoeg te wees, word die laer toekenning toegeken.

3.1. Sertifikaat van Deelname : C,B en B+
Alle leerders wat aan die Kunswedstryd kompetisie deelneem.

3.2. Sertifikaat van Gelukwensing : A

3.3. Sertifikaat van Verdienste : A+
Leerder/groep ontvang hierdie sertifikaat indien hul ten minste ‘n A+ behaal het

3.4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie : A++
Die leerder/groep moet ‘n A++ op die Dell’Arte/Kunswedstryd-kompetisie behaal, of deelname aan erkende streekskompetisie bv. A.T.K.V. , met die verstande dat daar ten minste 5 individue, 3 Spreekkore/groepsaktiwiteite of meer in die item/afdeling deelgeneem het.

3.5. Balkie A+++

Die leerder/groep ‘n A+++ behaal tydens die kompetisie en/of ‘n itemwenner tydens die kunswedstrydkompetisie van ‘n erkende kring kompetisie bv. A.T.K.V. Boksburg wees met die verstande dat daar ten minste 5 individue, 3 Spreekkore/groepsaktiwiteite of meer in die item/afdeling deelgeneem het. (Prestige toekenning.)

3.6. Erekleure : Afdelings/Streeks/Kringwenner
Afdelingswenner/ Streeks/Kringwenner van erkende kompetisie bv. A.T.K.V./Dell’Arte Kunswedstryd met die verstande dat daar meer as 5 individue of 3 groepe deelnemers in die item/afdeling deelgeneem het.’n Afdelingswenner sal tesame met die erekleure ook ‘n klein trofee ontvang.

Slegs Dell’Arte wedstrydkompetisie of waar die skool amptelik geaffilieer is word erken. Mag aan die ander verenigings deelneem – mits ons geaffilieer is en mag dan nie dieselfde stukke daar doen nie. Bewyse, sertifikate sowel as opmerkings/evaluering moet voorgelê word.

4. NATUURLEWEKLUB

Word nie gebruik vir Kultuurleerling van die jaar nie

4.1. Sertifikaat van Deelname
Alle leerders wat ten minste 50% van die byeenkomste bygewoon het.

## KULTUURLEERLING VAN DIE JAAR

## NAAM VAN DIE LEERLING: _____

| | Deel-name | C 60-69 % | | | | | Totaal | B 70-79 % | | | | | Totaal | A 80-84,5 % | | | | | Totaal | A+ 85-89 % | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 10 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 15 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 20 | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 |
| POPS | | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | |
| REDENAARS AFR. | | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | |
| REDENAARS ENG. | | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | |
| KUNSWEDSTRYD | | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | |
| NATUURLEWEKLUB | | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | |
| WIKKELKOOR | | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | |
| ATKV | | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| TOTAAL | | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | | 0 | | | | | |

**1. Leerlinge word deur die personeel genomineer.**
**2. Punte word toegeken soos deelname deur die leerlinge.**
**3. Vir elke sertifikaat wat ontvang word, word punte toegeken.**
**4. Slegs die hoogste punt vir deelname word bereken.**
**5. Die leerling met die hoogste punte-totaal is die Kultuurleerling van die jaar.**
**6. Hierdie leerling kan net uit Gr 4-7 in die skool wees.**
**7. Deelname is van toepasssing slegs by POPS, Natuurleweklub en Wikkelkoor.**
**8. Itemwenner by Kunswedstryd moet ten minste 95 % en meer behaal.**
**9. Prestigwenner by Redevoering word ook as 'n Itemwenner gereken.**